

SIMBOLIEK VAN DIE OORDWAPEN: OOSTERLIJN



1. Betekenis

Oord Oosterlijn se naam verwys na die spoorlyn wat Gauteng en Mpumalanga verbind, en wat in 1894 in opdrag van President Paul Kruger deur die NZASM voltooi is met die hoofdoel om onafhanklikheid van die Boererepublieke van Britse vervoer en handelsroetes te bewerkstellig.



Die spoorlyn het vanaf Pretoria tot in Komatipoort gestrek, en is vandaar na Delagoabaai (Maputo) se hawe aangelê.

Die spoorlyn was die verbindingslyn tussen die hoofsentra en die verafgeleë oostelike gebiede van die republiek, wat voorheen 'n ongerepte en ontontwikkelde gebied was. Die naam simboliseer die hegte band van broederskap en samewerking tussen Gauteng en Mpumalanga asook dele van die Limpopo provinsies.

Die kleure opgeneem in die wapenontwerp is verweef met die kleure wat in Die Voortrekkers gebruik word as onderskeidende kleure vir alle vorme van indentifikasie met die doel om totale eenheid met die beweging te simboliseer, nie net as oord nie maar ook as draers van die leuse HOU KOERS!.

2. Oordwapen



3. Simboliek

a. Wit letterwerk

Verbind die oord aan die toetrede tot Die Voortrekkers as nuwe oord en ter-stigte gebied van Die Voortrekkers wat ook dui op die kleurekode van Ontdekkers in die beweging. Nuwe weë word gebaan en daardeur word die KOERS ge-HOU.

b. Oranje oosterkim

Mpumalanga beteken "plek waar die son opkom" – die ooste, welliswaar ook verteenwoordigend van die oord se geografiese grense wat begin in die uithoeke van die ooste van die land en wes strek tot aan die voete van die Magaliesberg en

die Jukskeirivier. Dit verbind ons aan die oranje kleurkode van Penkoppe en Drawwertjies wat aan die begin staan van 'n nuwe lewensfase, as't ware die aanbreek van 'n nuwe dag/begin.

c. Springbokgroen landskap

Die lowergroen Hoëveld is tiperend in die weste en laat mens verdrink in die golwende groen grasvlaktes en boomryke areas tydens die somerseisoen wat dan oorspoel wanneer 'n mens ry vanaf Pretoria in die weste oor die golwende grasvlaktes in die rigting van die ooste, waar jy begroet word deur eweneens die tropiese groen van die Laeveld met sy kranse en klowe daarby.

Daar word nie verniet na die Laeveld verwys as die spens van Suid-Afrika nie. Meeste van die gewasse wat die hele land voed, word hier verbou. Dit strek wyd, vanaf die dominante piesangs en suiker, groente, mielies, bome, na ook vee en wild terwyl die Hoëveld grasvlaktes voorsiening maak vir saai-gewasse en veeteelt.

Weens waterbeskikbaarheid is besproeiing aan die orde van die dag, en groen beskryf daarom die area akkuraat.

Die groen kleurkode van Verkenners bind ons aan die simboliek van groei en ontwikkeling, en dan ook: intensief, kreatief, vernuwend, soms soekend maar uiteraard verkennend. Dis dinamies, ambisieus, kosbaar en streef van oorwinning en sukses. Tipies van hierdie gebied.

d. Blou binnebaan, rooi buiterand en binnerand

Verankering in die verlede is belangrik vir elke Voortrekkers en daarom 'n stille herrinnering aan die oorsprong van die oord, die ou gebied Transvaal wat gestig was in 1931 en eers verteenwoordig was

deur die Vierkleur van die ou Boererepublieke en later versinnedbeeld was deur die reliëf van die Voortrekkermonument op 'n blou agtergrond. Daar moet geneem word uit die verlede wat goed is en daarop 'n toekoms gebou word. Die blou in verdonkerde vorm verteenwoordig die band met die verlede maar ook die nuwe lewe wat daaruit voortspruit deur draers van hoop in die toekoms, net soos wat blou ook die kleurkode van Staatmakers in Die Voortrekkers is.

Die rooi buitebaan en rooi binnebaan versinnebeeld die liefde waarmee Voortrekkeroffisiere hul spanne omarm in die bou van 'n hoopvolle en helder toekoms, geanker in die vaste wete van 'n onwrikbare Christelike geloof en 'n waardesisteem wat deur Die Voortrekkers en die oord aan hul gebied word om hul te omring en te beskerm, net soos die laers van trekwaens in die verlede tydens die Groot Trek.

e. Silwer reliëf van die Berg-en-Dal Monument

Die ganse veldslag van Berg-en-Dal, of te wel Dalmanutha, word in die geskiedenis beskryf as een van durf en daad, maar ook hoe aanpasbaar die mensdom kan wees synde die Oosterlijn vir 'n kort tyd in die geskiedenis ge-ag was die spoor waarop die hoofstad van die Boererepublieke vervoer was. Die trein van President Kruger en sy kabinet. Vir die kort tydperk tot voor die veldslag het die trein gedien as hoofstad van die republiek en was hy tydelik gestasioneer in hierdie area.

Die Boerekrygers word internasionaal geag vir hul moed en krag, om as 'n handjievol mense hulle te verset en te verdedig teen 'n oorheersende moontheid wat benewens vir getalle ook teen immorele praktyke soos die verskroeiende aardepraktyk moedig geveg het. Die skertsende

verwysing wat vertel word van die seun en pa wat met mekaar gesels oor die magdom soldate buite en die handjievul mense wat hulle is, en die opmerking van die seun wat lui "ons gaan weer baie laat wees vandag" is presies hier ter sprake.

Veral waar die monument geleë is, die laaste aanvalspunt, was daar maar 70 manskappe van die Johannesburg Zuid-Afrikaanse Rijdende Politie (ZARP), 'n spesiale berede korps, van die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR) wat die aanval van die volle sterkte van Generaal Redvers Buller se Natalse Veldmag (Natal Field Force) en het die manskappe hand en tand teruggeveg. Soveel so dat daar van die slag vertel word dat die Britte dit nie met eer en trots gewen het nie, en die Boere dit nie sonder eer verloor het nie.

Hierdie monument beskryf die moed en dryf van elke Voortrekker ook in die huidige tyd, wat nieteenstaande baie druk eiewaarde en geesteswaarde steeds handhaaf, en dit voluit voer. Dit simboliseer koers hou en waardes hou, oortuiging en geloof behou en ook so daarin optree. Te alle tye. Tipies van die gebied en sy mense.

Die monument is ook die middelpunt van die oord, waar die weste en die ooste ontmoet wat simbolies is aan die samesmelting van verskeie oorde in eenheid tot eer en vooruitgang van Die Voortrekkerbeweging.

Die silwer relief van die monument verbind ons aan die silwer kleurkode wat verwys na die rangkentekens van 'n gebiedsdagbestuur – silwer wiele – wat simboliseer dat daar koers gehou word maar ook steeds voortdurend standvastig rigting gegee word die toekoms in.

f. Goudkleurige son en strale

Goud dui op die minerale rykdom van die area. Goud in Barberton, Pelgrimsrus, en ander hulpbronne wat welvaart skep, die geskiedenis feitlik oral bestrooi met waardevolle artefakte, en weer 'n maal sinspeel dit op energie, die son, lewe. 'n Nuwe begin.

Veral ontdekkings en oopbreek. Die aarde is oopgebreek en ontwikkel, en met die hoë verspreiding en rykdom van verskeie kommoditeite, wat mense insluit, is die proses 'n voortdurende dinamiese proses.

Die goue strale van die son verbind ons aan die goue kleurkode wat verwys na die rangkentekens van die hoofdagbestuur – goue gekruisde fakkels – wat simboliseer dat die lig van die Christelike beskawing in die donker wêreld rondom ons ingdra moet word. Draers van nuwe hoop, standvastig in geloof en suksesvolle voleinders.



Foto: Federico Respini via Pexel

g. Die Oosterlijn

Die Oosterlijnspoorlyn wat Gauteng en Mpumalanga verbind, en wat in 1894 in opdrag van Pres Paul Kruger deur die NZASM voltooi is met die hoofdoel om onafhanklikheid van die Boererepublieke van Britse vervoer en handelsroetes te bewerkstellig. Die spoorlyn het vanaf Pretoria tot in Komatipoort gestrek, en is vandaar na Delagoabaai (Maputo) se hawe aangelê. Dit versinnebeeld vooruitgang, beweging en vernuwing.

Die Oosterlijn bly die sentrale goue draad wat ons as Voortrekkers verbind.

2020-08-01

Oord Oosterlijn

Transvaal Voortrekkers

Die Voortrekkers – HOU KOERS!